# Tiendes en Vasoffergawes



*Bring die hele tiende na die skathuis, . . . sodat daar spys in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.*

**(Maleági 3:10)**

Jou Hemelse Vader is lief vir jou en wil jou seën in alle fasette van jou lewe. Die gebooie van Hy deur Sy profete gee sal jou help om ’n gelukkige lewe te hê. Die gebod om tiendes te betaal, wat deur die Profeet Joseph Smith gerestoureer is, gee jou die geleentheid om deel te neem in die bouwerk van die koningkryk van God op die aarde. Gehoorsaamheid aan hierdie gebod, is ’n vereiste om in Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, in gedoop te word.

*Groot seëninge word aan diegene belowe, wat die gebod gehoorsaam, om ‘n tiende te betaal.*

## Wat is Tiendes?

Tiendes is ’n donasie, van een tiende van ’n mens se inkomste, aan God se Kerk. Hierdie gebod is sedert Ou Testament tye al bekend gestel. Die profeet Maleági het die belangrikheid van tiendes en die seëninge wat deur gehoorsaamheid aan hierdie wet kom, geleer:

“Bring die hele tiende na die skathuis, . . . sodat daar spys in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ’n oorvloedige seën sal uitstort nie. (Maleági 3:10).

In 1838 het die Here hierdie gebod deur die Profeer Joseph Smith, herhaal:

“My volk . . . sal een tiende van hul rente jaarliks betaal; en dit sal ’n staande wet vir hulle wees vir ewig (Leer en Verbonde 119:3–4). *Rente* word verstaan om inkomste te beteken.

Jou tiendes is heilig vir die Here, en jy eer Hom deur tiendes te betaal. Betaling van Tiendes is ’n uitdrukking van jou geloof in God en Sy werk.

## *Hoekom behoort ek ‘n tiende by te dra?*

Alles wat goed is in jou lewe is ’n gawe van jou liefdevolle Hemelse Vader. Wanneer jy 10 persent aan Hom terug gee, spreek jy jou liefde, geloof en dankbaarheid uit. Jy wys God dat jy Hom wil volg, selfs wanneer dit moeilik mag wees, jy wys Hom dat jy op Hom wil staatmaak eerder as om in geld of materiale dinge te vertrou. Weens jou getrouheid, belowe jou Hemelse Vader jou seëninge wat aansienliker is as enige iets wat jy prysgee.

Alhoewel sekere mense vermoeiend glo dat hulle die een tiende van hul inkomste kan bekostig, leer gelowige tiende betalers dat hulle nie kan bekostig om nie tiendes te betaal nie. In ’n ware en wonderlike





manier, word die hemelse vensters geopen, en seëninge word op hulle uitgestort. Soos een weduwee moeder aan haar seun verduidelik het, "Ek kan nie [julle kinders grootmaak] sonder die seëninge van die Here nie, en ek ontvang daardie seëninge deur 'n eerlike tiende te betaal. Wanneer ek my tiendes betaal, het ek die Here se belofte dat Hy ons sal seën, en ons moet daardie seëninge hê, indien ons oor die weg wil kom" (Dallin H. Oaks, *Ensign*, Mei 1994, 33).

*Betaling van tiendes wys jou geloof in Jesus Christus. As jy op Hom vertrou, sal jy die vermoë, leiding en steun ontvang, wat jy in jou lewe benodig.*

Geestelike vermoë kom, deur op die Here te vertrou. Soos ons die ernstige beproewinge van die lewe beleef, benodig ons versterkte geloof, inspirasie en aanmoediging. Hierdie seëninge kan uitgestort word deur hemelse vensters, as 'n gevolg van gehoorsaamheid aan die wet van die tiende.

Daarbenewens, vind baie mense, omdat hulle gelowige tiende betalers is, is hulle beter bekwaam om hul finansies te beheer en aan hul behoeftes te voldoen. Om tiendes te betaal leer ons om ons begeertes vir materialistiese dinge te beheer en om eerlik te wees met ons medemens. Ons leer om te vertrou dat



dit wat aan ons gegee is, deur die seëninge van die Here en ons eie flukse moeite, aan ons behoeftes sal voldoen.

Maak nie saak die bedrag van jou inkomste nie, jy sal geseën word soos jy tiendes betaal. Toe Jesus sien, hoe ’n vrou haar paar muntstukke in die tempel skatkis gooi, het Hy aan Sy dissipels gesê, “Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het: want hulle het almal uit hul oorvloed ingegooi; maar sy . . . het uit haar gebrek ingegooi, wat sy gehad het” (Markus 12:43–44).

## *Hoe Word die Tiende Fondse Gebruik?*

Tiendes is die Here se wet van finansies vir Sy Kerk. Donasie van tiendes word altyd gebruik vir die Here se bestemming, wat Hy openbaar deur die berading van Sy dienaars. Sommige van hierdie gebruike is:

- Die bou en instanhouding van tempels, vergaderhuise en ander Kerk geboue.
- Die ondersteuning van aktiwiteite en operasies van plaaslike Kerk gemeentes.
- Die ondersteuning van die programme van die Kerk, insluitende opvoeding en familie geskiedenis navorsing.

Tiendes word privaat betaal, en informasie aangaande donasies word hoogs vertroulik gehou.



## *Vas en Vasoffergawes*

Daarbenewens die betaling van tiendes, is ons beveel om van ons gawes te gee om die armes en behoeftiges te help Een manier om dit te doen is deur te vas en om sonder kos of drank te gaan vir twee agtereenvolgende maaltye. Die Here het die beginsels van die vas, deur die Profeet Joseph Smith gerestoureer, en die Kerk staan een Sondag per maand af, as 'n dag van vas. Om te vas, was nog altyd 'n indikasie van die ware kerk, dit is 'n geleentheid vir geestelike hernuwing en om nader aan ons Hemelse Vader te kom.

As deel van die vas, dra die lede van die Kerk 'n vrygewige vasoffergawe by, vir die versorging van die armes en behoeftiges. Hierdie offergawes behoort ten minste die waarde van die twee maaltye te wees,wat die Kerklid gedurende die vas, prys gegee het. Hierdie fondse word gebruik om kos, skeiling en ander noodsaaklikhede vir mense in nood te voorsien, beide plaaslik sowel as wêreldwyd.

Daar is geen verreiste donasie bedrag vir vasoffergawes nie. Soos jy vrygewig tot hierdie fondse bydra, sal jy beide geestelik en tydelik vir jou wense om andere te help, geseën word.





# ADDISIONELE STUDIE

Die volgende vrae en skrifture sal jou help om verder te dink oor die beginsels in hierdie pamflet. Voet notas en kruisverwyssings in die skrifture sal jou na addisionele uittreksels en hulpbronne oor hierdie beginsels verwys.

## Hoekom is tiendes belangrik?

Levitikus 27:30 (Bybel, Ou Testament)

Lukas 12:16–21 (Bybel, Nuwe Testament)

## Watter seëninge kom deur die betaling van tiendes?

Maleagi 3:8–12 (Bybel, Ou Testament; sien ook 3 Nefi 24:8–12, Boek of Mormon, bladsy 455)

Mattéüs 6:31–33 (Bybel, Nuwe Testament; sien ook 3 Nefi 13:31–33, Boek of Mormon, bladsy 435)


"Tiendes," *Getrou tot die Geloof* (Die sendelinge of 'n lid van die Kerk kan jou help om 'n afskrif van hierdie boek te bekom. Jy kan dit ook oplyn vind by www.mormon.org.)

## Hoe kan ek die armes en behoeftiges help?

Eségiel 58:6–7 (Bybel, Ou Testament)

Matthéüs 19:21 (Bybel, Nuwe Testament)

Mosia 4:26 (Boek of Mormon, bladsy 157)




# *Wat behoort ek te doen?*

- *Hou aan om die Boek van Mormon te lees.*

  *Voorgestelde leeswerk:*________________

  ______________________________

- *Begin om 'n volledige tiende te betaal. Bid vir hulp om hierdie gebod te onderhou.*

- *Gaan hierdie Sondag kerk toe.*

- *Hou aan om voor te berei vir doop.*

  *Doop datum:*____________________________

- *Besoek www.mormon.org om meer te leer oor Die Kerk van Jesus Christus van die Latere Dae.*

- *Vergader dikwels saam met die sendelinge, om meer te leer oor hoe die geboeie van God jou lewe kan seën.*

  *Volgende afspraak:*__________________________

  *Sendelinge se name en telefoon nommer:*

  ________________________________________

  ________________________________________

  ________________________________________

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE
LAASTE DAE

**www.mormon.org**

AFRIKAANS
4 02011 99501 4
01199 501

**Beeld Erkenning**
Voorblad, detail van *Christus en die Welgestelde Jong Leier,* deur Heinrich Hofmann,
Met Verlof C. Harrison Conroy Co., Inc.
Bladsy 8, detail van *Alles Wat Sy Gehad Het,* deur Simon Dewey. © Simon Dewey
Bladsye 5, 6, 11, 13, 14 deur Craig Diamond

© 2007 by Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 11/05.
Vertaling goedkeuring: 11/05. Vertaling van *Tithing and Fast Offerings.* Afrikaans. 01199 501